

38/71

G.P.A.

J. 445

In the Supreme Court of South Africa In die Hooggeregshof van Suid-Afrika

(Appel DIVISION).
AFDELING).

APPEAL IN CRIMINAL CASE. APPEL IN STRAFSAAK.

GERT ROOINASIE

Appellant.

versus/teen

DIE STAAT

Respondent.

Appellant's Attorney Pro Deo Respondent's Attorney P.G. (Wmdhk.)
Prokureur van Appellant Prokureur van Respondent

Appellant's Advocate J.W. EDELING Respondent's Advocate M.M. BEUKES, S.C.
Advokaat van Appellant Advokaat van Respondent E. MARAIS

Set down for hearing on 23-8-71
Op die rol geplaas vir verhoor op 3.6.9


(S.W.A.)

BOTHA, A.R. JANSSEN, A.R. MULLER, A.R.

9.45am. - 11am.
11.15am. - 11.50am.
11.50am. - 11.55am.

C.A.U.

Die appèl teen die skuldigbevinding word afgewys, maar die opgelegde vonnis word verminder na gevangenisstraf vir drie jaar waarvan twee jaar opgeskort word vir n tydperk van drie jaar op voorwaarde dat die appellant hom nie gedurende bedoelde tydperk skuldig maak aan n oortreding waarvan geweld n element is en ten opsigte waarvan hy tot gevangenisstraf sonder die keuse van n boete gevonniss word nie.


GRIFFIER.
3/9/1971.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA.

(APPELAFDELING).

In die saak tussen:

GERT ROOINASIEAPPELLANT.

en

DIE STAATRESPONDENT.

CORAM: BOTHA, JANSEN, et MULLER, A.RR.

VERHOOR: 23 AUGUSTUS 1971 GELEWER: 3 SEPTEMBER 1971.

U I T S P R A A K.

BOTHA, A.R.:

Die appellant is op 10 Februarie 1971 deur

~~Regter Hoexter en assessore in die Suidwes-Afrika~~

Afdeling skuldig bevind aan moord met versagtende om-

standighede en gevonniss tot vyf jaar gevangenisstraf

waarvan.../2

waarvan drie jaar voorwaardelik vir 'n tydperk van drie jaar opgeskort is. Met verlot van die hof a quo is hy nou in hoër beroep by hierdie Hof teen sowel sy skuldigbevinning as die vonnis.

Die appellant was ten tyde van die verhoor tussen 15 en 17 jaar oud - waarskynlik 16 jaar, en moontlik minder toe die misdaad in September 1970 gepleeg is. Hy het skool aan die einde van 1969 verlaat waar hy tot standerd 3 gevorder het. Hy was tingerig gebou - hy was 4' 11 $\frac{1}{2}$ " lank en het slegs 91 lb. geweeg. Die oorledene was sy ouer broer. Laasgenoemde was 19 jaar oud en was heelwat frisser gebou as die appellant - hy was 5' 4" lank en het 135 lb. geweeg.

Dit is gemene saak dat die oorledene beswyk het as gevolg van 'n steekwond wat die appellant hom in die borskas met 'n knipmes met 'n lem van ongeveer 9 sentimeter toegedien het. Die steekwond was 2 sentimeter lank en het die borskas van die oorledene tussen die tweede en derde rib ongeveer 6 duim onder die

linkerskouer en ongeveer 3 duim links van die middellyn binnegegaan. Die wond wat in 'n afwaartse rigting gegaan het en deur die hart en die linker lap van die lewer gedring het, was ongeveer 10 na 12 sentimeter diep.

Die wond is vroeg die aand van 19 September 1970 in 'n skerm langsaan die huis van Magdalena Hansen by Rehobothstasie toegedien. Dit is gemene saak dat die appellant en die oorledene vroeër die middag saam met Willem en Stefanus Hansen in die omgewing van Rehobothstasie rondgeloop het, en dat daar later struweling tussen appellant en oorledene ontstaan het.

Die rede vir die struweling blyk nie uit die getuienis nie, maar dit is duidelik dat die oorledene die appellant met die vuus in die gesig en met 'n staaldraad op sy arms geslaan het, en hom probeer verwurg het.

Dr. Stellmacher wat die appellant om 9 vm. op 20 September ondersoek het, het 'n swelsel en bloeding aan sy linkeroog, twee slaanmerke op die dorsale aspek van elke

arm en 'n krapmerk aan die linkerkant van die nek gevind. Die beserings was egter nie van ernstige aard nie.

Na die aanranding op hom deur die oorledene, het die appellant by die plek van aanranding bly lê en het gehuil. Kort daarna het appellant en Stefanus vir Willem en oorledene gevolg na Magdalena se huis, ongeveer 120 treë daarvandaan, waar hulle die aand sou gaan eet en blykbaar sou oornag. Stefanus het verklaar dat toe hulle by die huis van Magdalena aangekom het, die appellant 'n knipmes in sy besit gehad het en dat hy gesê het dat hy die oorledene gaan steek. Die appellant het dit ontken, maar die verhoorhof het Stefanus se getuigenis hieroor aanvaar.

Toe Stefanus en appellant by die huis van Magdalena aangekom het, was appellant se knipmes in sy broeksak. Hy het dit egter oopgemaak toe hy die skerm langs die huis binnegegaan het. Willem en die oorledene was toe reeds in die skerm en hulle was besig om te eet. Toe appellant die skerm binnestap het

die oorledene opgespring en die appellant met sy gebalde vuiste dreigend genader. Hierop het laasgenoemde sy mes uitgehaal en die oorledene daarmee gesteek, en toe weggehardloop. Toe hy later verneem het dat die oorledene beswyk het, was die appellant erg ontsteld en het klaarblyklik berou gehad.

Die verhoorhof het bevind dat die appellant die skerm binnegegaan het met die oop mes in sy hand. Hierdie bevinding is in hierdie Hof deur appellant se advokaat aangeveg. Dit was slegs Willem wat onomwonde verklaar het dat die appellant die skerm binnegekom het met die oop mes in sy hand, maar die verhoorhof het bevind dat hy 'n uiters swak getuie was op wie die hof geen peil kon trek nie. Appellant het beweer dat toe hy by die skerm ingegaan het, die oorledene opgespring en hom met sy gebalde vuiste bestorm het, en dat hy, die appellant, toe 'n tree agteruit gegee het, die mes uit sy sak gehaal het, dit oopgemaak het, en toe vir die oorledene daarmee gesteek het. Die hof het appellant se

bewering egter as 'n nagedagte verwerp. Van die deur van ~~die skerm tot by die plek waar die oorledene gesit het,~~ was ongeveer 3 treë. Volgens die appellant het die oorledene opgespring nadat eersgenoemde die skerm binnegekom het, en appellant onmiddellik met gebalde vuiste bestorm. Op daardie stadium sou hulle baie nader as 3 treë van mekaar af gewees het, en dit is hoogs onwaarskynlik dat onderwyl die oorledene op die appellant afgestorm het, laasgenoemde 'n tree terug kon gee het, toe die mes uit sy sak kon gehaal het en dit kon oopgemaak het en vir die oorledene kon gestek het voordat laasgenoemde hom sou kon oorweldig het. Ek kan dus geen fout vind met die verwerping deur die verhoorhof van appellant se bewering in hierdie opsig nie.

Stefanus het verklaar dat toe hy en die appellant by Magdalena se huis gekom het, het die appellant gesê dat hy „sal vir oorledene gaan steek”. Toe hy dit gesê het, het Stefanus gesien dat oorledene in die skerm by die vuur sit. Appellant moes sy dreigement

dus by of in die deur van die skerm gemaak het. Op

daardie stadium was appellant se mes volgens Stefanus

in sy broeksak. Sy getuienis gaan dan soos volg

voort:-

„Wanneer het hy die mes uitgehaal?

---Toe hy net naby die oorledene kom het hy die mes uitgehaal.

Toe hy die mes uitgehaal het was die mes oop of toe?---Die mes was oop.

Wanneer het hy die mes oopgemaak?

---Toe hy die ingang van die skerm inkom het hy die mes oopgemaak.”

Om sy mes oop te maak moes appellant dit uit sy sak gehaal het anders sou Stefanus dit nie kon gesien het nie. Hy moes die mes dus uitgehaal en oopgemaak het toe hy by die skerm ingekom het. Daar is geen bewering dat hy die mes, nadat hy dit oopgemaak het, weer in sy sak teruggesit het nie. Stefanus se bewering dat appellant die mes uitgehaal het toe hy naby die oorledene gekom het, regverdig nie die afleiding dat appellant die mes toe vir die tweede keer binne 'n paar oomblikke uit sy sak gehaal het nie. Gesien die grootte van die

skerm en die afstand wat die appellant van die oorledene af was toe hy die skerm binnegekom het, het Stefanus waarskynlik bedoel dat toe appellant die mes by die ingang van die skerm uitgehaal en oopgemaak het, hy reeds naby die oorledene was.

Met die oog op hierdie omstandighede en in die lig van die verhoorhof se bevinding dat die appellant „as 'n swak en onoortuigende getuie voorgekom het“, is ek nie daarvan oortuig dat die hof a quo fouteer het deur te bevind dat die appellant die skerm met die oop mes binnegegaan het nie. Dit sou ook verduidelik waarom die oorledene skielik sou opgespring het en die appellant dreigend sou genader het net toe laasgenoemde die skerm binnegekom het. Oorledene het die appellant kort tevore op ongeregverdigte wyse te lyf gegaan en he het sekerlik geen rede gehad om weer 'n ongevraagde aanslag op die appellant te maak nie tensy laasgenoemde hom aanleiding daartoe gegee het.

Die verhoorhof het 'n betoog dat die appel-

lant in noodweer opgetree het, en dat hy dus nie wederregtelik gehandel het nie, verwerp. Ook in hierdie Hof is betoog dat die appellant in noodweer gehandel het, maar is dit toegegee dat hy die perke daarvan oorskry het. Die wederregtelikheid van sy daad is dus nie bewis nie, maar dit is betoog dat die aanval op die appellant waarteen hy hom moes verdedig, 'n relevante faktor is by oorweging van sy skuld met betrekking tot die doodslag van die oorledene, ofschoon hy buitensporige middels aangewend het wat vir die afwering van die aanval op hom nie nodig was nie.

Na my oordeel kan daar op die feite van hierdie saak geen sprake van noodweer wees nie. Dit was die optrede van die appellant deur die skerm met 'n oop mes in sy hand binne te gaan en in die rigting van die oorledene te beweeg wat tot die dreigende aanval deur die oorledene aanleiding gegee het. Oorledene was agter in die skerm, ongewapen, terwyl die appellant gewapen naby die ingang was. Die oorledene was feitelik vasge-

keer en dit was hy wat 'n noodweershandeling moes uitvoer om 'n bedreigde reg te beskerm, en teen noodweer kan daar geen noodweer wees nie. Omdat oorledene se dreigende aanval op die appellant dus nie wederregtelik was nie, ontbreek vir appellant 'n wesenlike vereiste vir noodweer.

In iedere geval, selfs al was oorledene se dreigende aanval op die appellant wederregtelik, was die optrede van die appellant geensins noodsaaklik om sy bedreigde regte te beskerm nie. Die gevaarlike situasie is deur sy binnekoms in die skerm geskep, en hy kon dit alles weer beëindig het deur slegs die skerm te verlaat - en te vlug, indien nodig.

Die volgende vraag wat oorweeg moet word, is appellant se skuld met betrekking tot die doodslag van die oorledene. Die verhoorhof het hoofsaaklik op grond van appellant se dreigement teenoor Stefanus dat hy die oorledene sou gaan steek, dat hy die skerm met die oop mes in die hand binnegegaan het, en dat hy

die steekwond op 'n uiters gevaarlike plek op die oorledene met geweld toegedien het, bevind dat die appelland die opset gehad het om die oorledene te dood, en hom gevolglik aan moord skuldig bevind.

Namens die Staat is tereg toegegee dat daar geen bewys is dat die appellant die oogmerk gehad het om die oorledene om die lewe te bring nie en dat dolus directus dus nie bewys is nie. Dit is egter betoog dat die appellant, in die lig van al die omstandighede, moes beseef en dus beseef het dat sy handeling noodlottige gevolge kon hê, maar dat hy roekeloos voortgegaan het onverskillig of daardie gevolge sou intree, al dan nie, en dat opset by moontlikheidsbewussyn dus bewys is.

(R. vs. Horn, 1958 (3) S.A. 457 (A.D.) en S. vs.

Dlodlo, 1966 (2) S.A. 401 (A.D.) op bl. 405).

Appellant het in sy getuienis beklemtoon dat hy die oorledene gesteek het omdat hy baie kwaad was oor die aanranding wat die oorledene kort tevore op hom gepleeg het. Hy was dus deur wraaksug aangedryf. Hy

het sy dreigement, wat hy teenoor Stefanus gemaak het, met beslistheid uitgevoer deur die skerm, waar die oorledene gesit en eet het, met 'n oop mes in sy hand binne te gaan, en die oorledene te steek. Die steekwond het hy op 'n gevaarlike plek met 'n gevaarlike wapen toegedien met soveel geweld dat volgens die mediese getuienis 'n deel van die hef van die mes die liggaam van die oorledene moes binnegegaan het aangesien die wond tussen 10 en 12 sentimeter diep was terwyl die lem van die mes ongeveer 9 sentimeter lank was. Die appellant het trouens erken dat hy hard gesteeke het. Die situasie wat in die skerm ontstaan het, is deur sy eie optrede geskep en hy het genoeg tyd vir nadenke gehad.

Die enigste redelike afleiding wat van hierdie omstandighede gemaak kan word, is dat die appellant, ondanks sy jeug, besef het dat sy handeling noodlottige gevolge kon hê, en dat hy roekeloos voortgegaan het onverskillig of die dood sou intree, al dan nie. Hy was dus tereg aan moord skuldig bevind.

Omdat die appellant onder die ouderdom van 18 jaar was, was die oplegging van die doodstraf nie verpligtend nie en by die bepaling van die straf wat opgelê moes word, het die verhoorhof die volgende versagende omstandighede in ag geneem:-

- (a) die jeugdige leeftyd van die appellant;
- (b) sy agterlike beskawingspeil;
- (c) die feit dat die noodlottige voorval feitelik onmiddellik voorafgegaan is deur 'n wederregtelike aanranding deur die oorledene op sy jonger en kleiner broer.

Dat die jeugdigheid van die dader strafversagend werk, is duidelik (sien S. vs. Mohlobane, 1969 (1) S.A. 561 (A.D.) op bl. 565 e.v.). Die ouderdom van die appellant is by die verhoor tussen 15 en 17 jaar vasgestel. Die misdaad is op 19 September 1970 gepleeg, d.w.s. ongeveer 5 maande voor die verhoor toe die appellant nader aan 15 jaar moes gewees het. Hy was toe minder as 'n jaar uit die skool waar hy tot standerd 3 gevorder het.

Weens sy agterlike beskawingspeil, soos dit uit die getuienis geblyk het, het die verhoorhof geoordeel dat iemand in die appellant se posisie waarskynlik nie sy drifte en hartstogte tot dieselfde mate sou kon betuël as wat die hof van 'n persoon met 'n hoër beskawingspeil en gunstiger lewensomstandighede sou verwag nie. Veral sou dit die geval wees waar die dader 'n kind van ongeveer 15 jaar is.

Die wederregtelike aanranding op hom deur sy ouer en sterker broer in die aanwesigheid van sy vriende moes by die appellant 'n sterk gevoel van onreg en vernedering laat ontstaan het, en was in die omstandighede 'n belangrike strafversagtende faktor.

Benewens hierdie oorwegings is dit duidelik dat die appellant, toe hy verneem het dat die oorledene beswyk het, diep berou gehad het. Hy verklaar, en dit word deur Stefanus bevestig, dat hy baie getreur en gehuil het... „omdat my broer beswyk het“.

Die appellant het geen vorige veroordelings

teen hom gehad nie, en vanweë al die omstandighede en veral vanweë sy jeugdigheid was dit klaarblyklik onwenslik om hom vir 'n lang tydperk tronk toe te stuur. Die geleerde Verhoorregter verklaar dat:-

„daar in die Gebied geen verbeteringskool is waarna iemand onder die ouderdom van agtien jaar wat aan 'n misdryf skuldig bevind word deur die Hof verwys kan word. Die afwesigheid van sodanige inrigting het in die onderhawige geval die Hof se taak by strafoplegging bemoeilik.”

Dit is op die beskikbare getuienis te betwyfel of die appellant, veral vanweë sy jeugdigheid, enigszins by 'n lang termyn van gevangenisstraf sal kan baat. Aan die ander kant kan sy wandaad nie ongestraf gelaat word nie. Sy gevangenisstraf behoort egter, veral vanweë sy jeugdigheid, so kort moontlik te gewees het. Onder al dié omstandighede meen ek dat die vonnis wat die verhoorhof opgelê het buitensporig swaar was, en dat 'n meer gepaste vonnis gevangenisstraf vir drie jaar waarvan twee jaar voorwaardelik opgeskort word, sou wees.

Die appèl teen die skuldigbevinding word afgewys, maar die opgelegde vonnis word verminder na gevangenisstraf vir drie jaar waarvan twee jaar opgeskort word vir 'n tydperk van drie jaar op voorwaarde dat die appellant hom nie gedurende bedoelde tydperk skuldig maak aan 'n oortreding waarvan geweld 'n element is en ten opsigte waarvan hy tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonniss word nie.

J.A. Botha
BOTHA, A.R.

JANSEN, A.R.

MULLER, A.R.

} Stem saam.